

Buitelanders se geld stroom weer uit SA in 2022

Nellie Brand-Jonker

Die sterkste uitvloeï tot dusver van buitelandse geld uit Suid-Afrikaanse aandele en effekte het verlede jaar plaasgevind, volgens DFM Global.

Dwaine van Vuuren, navorser van RecessionAlert.com, sê op Twitter: "Dit was 'n rekordjaar ten opsigte van hoeveel aandele en effekte buitelanders verkoop het."

Die afgelope twee jaar was daar gesamentlik 'n netto uitvloeï van R720 miljard.

Die ontleding is gegrond op inligting wat die JSE publiseer.


Van Vuuren sê sedert 2019 het die verkope van Suid-Afrikaanse aandele en effekte die aankoop daarvan met meer as R1 100 miljard oorskry.

Daily Investor het voorheen berig DFM Global toon 'n enorme uitvloeï van kapitaal van buitelanders uit die twee markte en dat dit sedert 2021 beduidend toeneem het.

Die JSE het in 2021 sy kommer oor die kapitaaluitvloeï uitgespreek. Dit is toegeskryf aan die Suid-Afrikaanse ekonomie wat die afgelope vyf jaar agteruitgegaan het, asook die land se kredietgradering wat deur internasionale kredietgraderingsagentskappe verlaag is.

John Cairns, internasionale markstrateeg van Rand Merchant Bank, het die groot uitvloeï van kapitaal weer eerder toegeskryf aan die beter op-

Verkope* van SA aandele en effekte deur buitelanders



*Weeklikse kumulatiewe netto buitelandse aankope en verkope
Bron: DFM Global

THAWLIB DAVIDS, Netwerk24 Grafika

brengste wat ontwikkelde markte bied as Suid-Afrika.

Magnus Heystek, beleggingstrateeg van Brenthurst Wealth, het onlangs in 'n rubriek op Biznews.com gesê die uitvloeï van buitelandse geld uit aandele en effekte het verlede jaar toeneem.

Hy glo die meer as R1 000 miljard wat die afgelope vier jaar aan die JSE onttrek is, is 'n

weerspieëling van die stand van die Suid-Afrikaanse ekonomie.

Heystek sê hy word gereeld gekritiseer oor sy siening dat plaaslike beleggers eerder meer geld oorsee moet belê en word daarvan beskuldig dat hy te krities oor Suid-Afrika is omdat "dit dislojaal of onpatrioties klink".

"Maar hierdie buitelandse beleggers is slim mense en goed in-

gelig. Hulle grond besluite op feite en nie emosie nie."

Boonop is die beleggingsopbrengs op die JSE teenoor buitelandse aandele die laaste jare treurig.

Volgens Heystek het die JSE van Oktober 2018 tot 2022 nie beter as kontant of inflasie gevaar nie.

Nog meer geld gaan waarskynlik ook aan plaaslike beleggings

onttrek word en oorsee vloei.

Sake het in Junie verlede jaar berig tussen R400 miljard en R600 miljard gaan na verwagting uit die plaaslike mark na beleggings oorsee vloei.

Dit het gevolg op 'n aankondiging deur die Reserwebank dat valutabeheer in so 'n mate verslap word dat 'n maksimum van 45% van 'n instelling se bates oorsee belê kan word.